

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30

Maandag 15 Januarie 1990

WINDHOEK

Monday 15 January 1990 No. 5887

INHOUD:

CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>		
AG. GOEWERMENSKENNISGEWINGS		AG. GOVERNMENT NOTICES			
No. AG. 3	Kennisgewing van aansoek om verklaring van 'n gebied tot private wildtuin	2	No. AG. 3	Notice of application for declaration of an area as private game park	2
No. AG. 4	Kennisgewing van aansoek om verklaring van 'n gebied tot private wildtuin	2	No. AG. 4	Notice of application for declaration of an area as private game park	2
ALGEMENE KENNISGEWINGS		GENERAL NOTICES			
No. 3	Munisipaliteit van Keetmanshoop: Agterstallige eiendomsbelasting	3	No. 3	Municipality of Keetmanshoop: Arrear rates and taxes	3
No. 4	Munisipaliteit Omaruru: Wysiging van Begraafplaasregulasies	4	No. 4	Municipality of Omaruru: Amendment of Cemetery Regulations	4
No. 5	Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van die Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing	5	No. 5	Municipality of Windhoek: Amendment of Electricity Supply Regulations	5
No. 6	Stad Windhoek: Permanente sluiting van Gedeelte A van Openbare Oop Ruimte, Erf 616 Academia	10	No. 6	City of Windhoek: Permanent closing of Portion A of Public Open Space, Erf 616 Academia	10

A G. Goewermentskennisgewings

A G. Government Notices

Kantoor van die

Office of the

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN
NATUURBEWARING

No. AG. 3 1990

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM
VERKLARING VAN 'N GEBIED TOT PRI-
VATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die persoon wie se naam in kolom 1 van die Bylae vermeld word en wat die eienaar is van die gebied wat daarteenoor omskryf word in kolom 2 van die Bylae, aansoek gedoen het om die verklaring van genoemde gebied tot private wildtuin.

Iedereen wat beswaar wil aanteken teen die verklaring van die betrokke gebied tot private wildtuin word hiermee versoek om sy besware by die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 13306, Windhoek, 9000, in te dien binne 'n tydperk van drie maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

BYLAE

KOLOM 1
AANSOEKER

Cotterell, L.C.

KOLOM 2
GEBIED

Plaas Groot Sandhup
1224, groot 5946,8867
hektaar, geleë in die
distrik Tsumeb.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND
NATURE CONSERVATION

No. AG. 3 1990

NOTICE OF APPLICATION FOR DECLARA-
TION OF AN AREA AS PRIVATE GAME
PARK

In terms of section 22 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is hereby made known that the person whose name is mentioned in column 1 of the Schedule and who is the owner of the area defined opposite thereto in column 2 of the Schedule, has applied for the declaration of the said area as a private game park.

Any person who wishes to object to the declaration of the area concerned as a private game park is hereby requested to lodge his objections with the Director of Nature Conservation, Private Bag 13306, Windhoek, 9000, within a period of three months from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

COLUMN 1
APPLICANT

Cotterell L.C.

COLUMN 2
AREA

Farm Groot Sandhup
1224, extent 5946,8867
hectares, situated in the
district of Tsumeb.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN
NATUURBEWARING

No. AG. 4 1990

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM
VERKLARING VAN 'N GEBIED TOT PRI-
VATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975),

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND
NATURE CONSERVATION

No. AG. 4 1990

NOTICE OF APPLICATION FOR DECLARA-
TION OF AN AREA AS A PRIVATE GAME
PARK

In terms of section 22 of the Nature Conserva-
tion Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is

word hierby bekend gemaak dat die persoon wie se naam in kolom 1 van die Bylae vermeld word en wat die eienaar is van die gebied wat daarteenoor omskryf word in kolom 2 van die Bylae, aansoek gedoen het om die verklaring van genoemde gebied tot private wildtuin.

Iedereen wat beswaar wil aanteken teen die verklaring van die betrokke gebied tot private wildtuin word hiermee versoek om sy besware by die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 13306, Windhoek, 9000, in te dien binne 'n tydperk van drie maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

hereby made known that the person whose name is mentioned in column 1 of the Schedule and who is the owner of the area defined opposite thereto in column 2 of the Schedule, has applied for the declaration of the said area as a private game park.

Any person who wishes to object to the declaration of the area concerned as a private game park, is hereby requested to lodge his objections with the Director of Nature Conservation, Private Bag 13306, Windhoek, 9000, within a period of three months from the date of publication of this notice.

BYLAE

SCHEDULE

KOLOM 1

KOLOM 2

COLUMN 1

COLUMN 2

AANSOEKER

GEBIED

APPLICANT

AREA

Steyn, J.J.

Gedeelte A van die plaas Wittmanshaar 25, groot 9745,6880 hektaar en Gedeelte 1 van die plaas Barby 26, groot 3862,3029 hektaar, beide geleë in die distrik Bethanien.

Steyn, J.J.

Portion A of the farm Wittmanshaar 25, measuring 9745,6880 hectares and Portion 1 of the farm Barby 26, measuring 3862,3029 hectares, both situated in the district of Bethanien.

Algemene Kennisgewings**General Notices**

MUNISIPALITEIT KEETMANSDORP:
AGTERSTALLIGE EIENDOMSBELASTING

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP:
ARREAR RATES AND TAXES

No. 3

1990

No. 3

1990

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 171 (4) van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie No 13 van 1963), soos gewysig, dat die ondervermelde erf op 26 Januarie 1990 om 10h00

Notice is hereby given in terms of Section 171(4) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance No 13 of 1963) as amended, that the undermentioned property will be sold on 26 January 1990 at 10h00

at the Municipal Offices to recover arrear rates, taxes and interest which have remained unpaid.

per publieke veiling by die Munisipale Kantore, Keetmanshoop verkoop sal word ter verhaling van die agterstallige eiendomsbelasting en rente wat nie betaal is nie.

Erf no	Registered Owner	Extent in square meters
281	MW Neuneler	2381

PJ BOONZAIAER
TOWN CLERK

Erf no	Geregistreerde Eienaar	Groote Vierkanse meter
281	MW Neuneler	2381

PJ BOONZAIAER
STADSKLERK

MUNICIPALITY OF OMARURU: AMENDMENT OF CEMETERY REGULATIONS
No. 4
1990

The council of the Municipality of Omaruru has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 172 of 1958 as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

(a) the substitution in item 1(i) for the amount "R40,00" of the amount "R100,00";
(b) the substitution in item 1(ii) for the amount "R40,00" of the amount "R80,00";
(c) the substitution in item 2(i) for the amount "R50,00" of the amount "R80,00";
(d) the substitution in item 2(ii) for the amount "R32,00" of the amount "R50,00";
(e) the substitution in item 3(i) for the amount "R60,00" of the amount "R120,00"; and

Schedule B is hereby amended by -

MUNISIPALITEIT OMARURU: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASREGULASIES
No. 4
1990

Die raad van die Munisipaliteit Omaruru het kraagrens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 172 van 1958 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kraagrens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

Bylae B word hierby gewysig deur -

(a) in item 1(i) die bedrag "R40,00" deur die bedrag "R100,00" te vervang;
(b) in item 1(ii) die bedrag "R40,00" deur die bedrag "R80,00" te vervang;
(c) in item 2(i) die bedrag "R50,00" deur die bedrag "R80,00" te vervang;
(d) in item 2(ii) die bedrag "R32,00" deur die bedrag "R50,00" te vervang;
(e) in item 3(i) die bedrag "R60,00" deur die bedrag "R120,00" te vervang; en

Bylae B word hierby gewysig deur -

(f) in item 3(ii) die bedrag "R12,00" deur die bedrag "R24,00" te vervang.

(f) the substitution in item 3(ii) for the amount "R12,00" of the amount "R24,00".

No. 5

1990

MUNISIPALITEIT WINDHOEK: WYSIGING VAN DIE REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING

Die raad van die Munisipaliteit Windhoek het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Modelregulasies op Elektrisiteitsverskaffing afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957, soos van toepassing gemaak op genoemde Munisipaliteit by Goewermentskennisgewing 51 van 1958, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

1. Deel I word hierby gewysig deur die omskrywing van "verbruiker" deur die volgende omskrywing te vervang:

" beteken 'verbruiker' iemand wat 'n kontrak met die leweringsoewerheid gesluit het vir die lewering van elektrisiteit, of die eienaar van 'n eiendom waar elektrisiteitslewering beskikbaar is, maar nie gebruik word nie of die eienaar van 'n eiendom, met of sonder verbeterings daarop, wat redelikerwys by die raad se hoof- of verbindingskabels, -drade of -lyne vir die voorsiening van elektrisiteit aangesluit kan word."

2. Regulasie 33 word hierby gewysig deur die volgende subregulasie by te voeg, terwyl die bestaande regulasie subregulasie (1) word:

"(2) Die eienaar van 'n eiendom, met of sonder verbeterings daarop, wat redelikerwys by die raad se hoof- of verbindingskabels, -drade of -lyne vir die voorsiening van

No. 5

1990

MUNICIPALITY OF WINDHOEK: AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The council of the Municipality of Windhoek has under section 244(5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the Model Electricity Supply Regulations promulgated under Government Notice 109 of 1957, and applied to the said Municipality by Government Notice 51 of 1958, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

1. Part I is hereby amended by the substitution for the definition of "consumer" of the following definition:

" 'consumer' means a person who has entered into a contract with the supply authority for the supply of electricity, or the owner of any property where electricity supply is available, but not made use of or the owner of any property, with or without improvements thereon, which can reasonably be connected to the council's main or connection cables, wires and lines for the supply of electricity."

2. Regulation 33 is hereby amended by the addition of the following subregulation, the existing regulation becoming subregulation (1):

"(2) The owner of any property, with or without improvements thereon, which can reasonably be connected to the council's main or connection cables, wires and lines

elektrisiteit aangesluit kan word, betaal vanaf die datum waarop elektrisiteitslewering beskikbaar word of so 'n eenaar die eiendomsreg ten opsigte van sodanige eiendom verkry, na gelang van die geval, die laagste basiese heffing soos uiteengesit in die toepaslike gedeelte in Bylae F wat ten opsigte van die eiendom van toepassing sou wees indien 'n kontrak vir die lewering van elektrisiteit met die leweringsoverheid gesluit was.”

for the supply of electricity, shall, from the date on which electricity supply is available or such an owner obtains ownership of such property, as the case may be, pay the lowest basic levy as set out in the appropriate part of Annexure F and which would have been applicable in respect of the property if a contract for the supply of electricity had been entered into with the supply authority.”

3. Bylae F word hierby gewysig deur

3. Annexure F is hereby amended by —

(a) item 3 deur die volgende item te vervang:

(a) the substitution for item 3 of the following item:

“STROOMONDERBREKERS

“CIRCUIT BREAKERS

3. (a) Die raad stel miniatuurstroomonderbrekers beskikbaar in 'n reeks amperevermoëns wat normaalweg veelvoudige van vyf is, met 'n minimum vermoë van 15 ampère per fase en 'n maksimum vermoë van 40 ampère per fase, of hoër indien die Elektrotegniese Stadsingenieur dit aldus goedkeur.

3. (a) The council shall make available miniature circuit breakers in a range of ampere ratings which shall normally be multiples of 5 with a minimum rating of 15 amperes per phase and a maximum rating of 40 amperes per phase, or higher if the City Electrical Engineer so consents.

(b) Wanneer 'n installasie vir die eerste keer van 'n stroomonderbreker voorsien word, verskaf die raad kosteloos 'n stroomonderbreker, wat die eiendom van die raad bly, met die amperevermoë wat die persoon wat om die installasie daarvan aansoek doen, aandui.

(b) When any installation is fitted with a circuit breaker for the first time, the council shall, free of charge, supply a circuit breaker, which will remain the property of the council, of the ampere rating indicated by the person applying for the installation thereof.

(c) (i) Die raad moet die stroomonderbreker waarvan 'n installasie voorsien is op aansoek van die verbruiker of voornemende verbruiker vervang met 'n stroomonderbreker van die amperevermoë wat sodanige verbruiker of voornemende verbruiker aandui.

(c) (i) The council shall, on application by the consumer or prospective consumer, substitute a circuit breaker with which an installation has been fitted, by a circuit breaker of the ampere rating indicated by such consumer or prospective consumer.

(ii) Sodanige aansoek moet vergesel gaan van 'n bedrag van R8,00.

(ii) Such application shall be accompanied by the amount of R8,00.

(d) Waar 'n verbruiker se installasie aan- of afgesluit word op 'n dag wat tussen twee agtereenvolgende maandelikse lesings van die meter val, word die basiese heffing vasgestel deur die aantal dae van die maand waartydens die installasie aangesluit is, met 30 te deel.”;

(b) item 4 deur die volgende item te vervang:

“BASIESE HEFFING

4. Die basiese heffing in item 5 bedoel, is van toepassing afgesien daarvan of daar stroom verbruik is al dan nie, en sluit meterhuur in.”;

(c) in item 5(a)(i)–

(i) die opskrif “Aanvraag” deur die opskrif “Basiese Heffing” te vervang; en

(ii) die woord “aanvraagheffing” deur die woorde “basiese heffing” te vervang;

(d) die tariefskaal in item 5(a)(i)(a) deur die volgende tariefskaal te vervang:

“10 Ampère	- R10,66
15 Ampère	- R15,81
20 Ampère	- R20,28
25 Ampère	- R24,98
30 Ampère	- R30,03
35 Ampère	- R34,82
40 Ampère	- R39,57
bo 40 Ampère	- R39,57 plus R0,09589 vir elke bykomende ampère”;

(e) in item 5(a)(ii) die bedrag “6,67 sent” deur die bedrag “R0,0801” te vervang;

(f) item 5(a)(iii) te skrap;

(g) item 5(b)(iv)(1) deur die volgende item te vervang:

(d) Where an installation of a consumer is being connected or disconnected on a day falling between two consecutive monthly meter readings, the basic charge shall be determined by dividing the number of days of the month during which the consumer's installation is connected, by 30.”;

(b) the substitution for item 4 of the following item:

“BASIC CHARGE

4. The basic charge referred to in item 5, shall apply irrespective of whether units have been consumed or not, and shall include meter rent.”;

(c) the substitution in item 5(a)(i) –

(i) for the heading “Demand charge” of the heading “Basic Charge”; and

(ii) for the words “demand charge” of the words “basic charge”;

(d) the substitution for the scale of tariffs in item 5(a)(i)(a) of the following scale of tariffs:

“10 Ampere	- R10,66
15 Ampere	- R15,81
20 Ampere	- R20,28
25 Ampere	- R24,98
30 Ampere	- R30,03
35 Ampere	- R34,82
40 Ampere	- R39,57
over 40 Ampere	- R39,57 plus R0,09589 for every additional ampere”;

(e) the substitution in item 5(a)(ii) for the amount “6,67 cents” of the amount “R0,0801”;

(f) the deletion of item 5(a)(iii);

(g) the substitution for item 5(b)(iv)(1) of the following item:

- “(i) Basiese heffing
R14,35 per maand.”;
- (h) in item 5(b)(iv)(2) die bedrae “15,63 sent” en “9,64 sent” deur, onderskeidelik, die bedrae “R0,1877” en “R0,1158” te vervang;
- (i) in item 5(c)(i) –
- (i) die opskrif “Aanvraag” deur die opskrif “Basiese Heffing” te vervang; en
- (ii) die woord “aanvraagheffing” deur die woorde “basiese heffing” te vervang;
- (j) item 5(c)(i)(b) deur die volgende item te vervang:
- “(b) Die basiese heffing is in alle gevalle R14,35 per kVA of gedeelte daarvan, plus ’n verdere bedrag ooreenkomstig die volgende skaal:
- | | |
|----------------|------------|
| 0 tot 10 kVA | - R23,92 |
| 11 tot 25 kVA | - R47,91 |
| 26 tot 50 kVA | - R71,82 |
| 51 en meer kVA | - R95,80”; |
- (k) item 5(c)(ii) deur die volgende item te vervang:
- “(ii) Heffing per eenheid
- (a) Benewens die basiese heffing word ’n bedrag van R0,0924 per eenheid ten opsigte van gebruikte eenhede gehef.
- (b) Indien die aanvraag aangeteken word deur ’n kVA-aanvraagmeter of ’n stroomaanvraagwyser, is die basiese heffing gelykstaande aan die basiese heffing bereken op 11 kVA.”;
- (l) item 5(c)(iii) te skrap;
- (m) in item 5(d)(i) –
- (i) die opskrif “Aanvraag” deur die opskrif “Basiese Heffing” te vervang; en
- “(1) Basic charge
R14,35 per month”;
- (h) the substitution for item 5(b)(iv)(2) for the amounts “15,63 cents” and “9,64 cents” of the amounts “R0,1877” and “R0,1158”, respectively;
- (i) the substitution in item 5(c)(i) –
- (i) for the heading “Demand charge” of the heading “Basic Charge”; and
- (ii) for the words “demand charge” of the words “basic charge”;
- (j) the substitution for item 5(c)(i)(b) of the following item:
- “(b) The basic charge shall in all cases be “R14,35 per kVA or portion thereof, plus a further amount in accordance with the following scale:
- | | |
|-----------------|------------|
| 0 to 10 kVA | - R23,92 |
| 11 to 25 kVA | - R47,91 |
| 26 to 50 kVA | - R71,82 |
| 51 and more kVA | - R95,80”; |
- (k) the substitution for item 5(c)(ii) of the following item:
- “(ii) Unit charge
- (a) In addition to the basic charge, an amount of R0,0924 per unit shall be charged in respect of all units consumed.
- (b) If the demand by a kVA demand meter or current demand indicator, the basic charge shall be equal to a basic charge based on 11 kVA.”;
- (l) the deletion of item 5(c)(iii);
- (m) the substitution in item 5(c)(i) –
- (i) for the heading “Demand charge” of the heading “Basic Charge”; and

- | | |
|---|---|
| <p>(ii) die woord "aanvraagheffing" deur die woorde "basiese heffing" te vervang;</p> | <p>(ii) for the words "demand charge" of the words "basic charge";</p> |
| <p>(n) item 5(d)(ii) deur die volgende item te vervang:</p> <p>“(ii) Heffing per eenheid</p> <p>(a) Benewens die basiese heffing word ’n bedrag van R0,0801 per eenheid ten opsigte van gebruikte eenhede gehef.</p> <p>(b) Indien die aanvraag aangeteken word deur ’n kVA-aanvraagmeter of ’n stroomaanvraagwyser, is die basiese heffing gelykstaande aan die basiese heffing bereken op 10 kVA.”;</p> | <p>(n) the substitution for item 5(d)(ii) of the following item:</p> <p>“(ii) Unit charge</p> <p>(a) In addition to the basic charge, an amount of R0,0801 per unit shall be charged in respect of all units consumed.</p> <p>(b) If the demand is recorded by a kVA demand meter or current demand indicator, the basic charge shall be equal to a basic charge based on 10 kVA.”;</p> |
| <p>(o) item 5(d)(iii) te skrap;</p> | <p>(o) the deletion of item 5(d)(iii);</p> |
| <p>(p) in item 5(f)(i)(aa) die woord "Nul" deur die bedrag "R5,00" te vervang;</p> | <p>(p) the substitution in item 5(f)(i)(aa) for the word "Nil" of the amount "R5,00";</p> |
| <p>(q) in item 5(f)(i)(cc) die bedrag "R1,00" deur die bedrag "R5,00" te vervang;</p> | <p>(q) the substitution in item 5(f)(i)(cc) for the amount "R1,00" of the amount "R5,00";</p> |
| <p>(r) in item 5(f)(i)(dd) die woord "Nul" deur die bedrag "R5,00" te vervang;</p> | <p>(r) the substitution in item 5(f)(i)(dd) for the word "Nil" of the amount "R5,00";</p> |
| <p>(s) in item 5(f)(i)(ee) die bedrae "R4,00" en "R9,00" deur, onderskeidelik, die bedrae "R5,00" en "R20,00" te vervang;</p> | <p>(s) the substitution in item 5(f)(i)(ee) for the amounts "R4,00" and "R9,00" of the amounts "R5,00" and "R20,00", respectively;</p> |
| <p>(t) in item 5(f)(i)(ff) die bedrag "R9,00" deur die bedrag "R15,00" te vervang;</p> | <p>(t) the substitution in item 5(f)(i)(ff) for the amount "R9,00" of the amount "R15,00";</p> |
| <p>(u) in item 5(f)(ii) die bedrag "R1,00" deur die bedrag "R5,00" te vervang;</p> | <p>(u) the substitution in item 5(f)(ii) for the amount "R1,00" of the amount "R5,00";</p> |
| <p>(v) in item 5(f)(iii)(a) die bedrag "R2,00" deur die bedrag "R5,00" te vervang;</p> | <p>(v) the substitution in item 5(f)(iii)(a) for the amount "R2,00" of the amount "R5,00";</p> |
| <p>(w) in item 5(f)(iii)(b) die bedrag "R2,00" deur die bedrag "R5,00" te vervang; en</p> | <p>(w) the substitution in item 5(f)(iii)(b) for the amount "R2,00" of the amount "R5,00"; and</p> |
| <p>(x) in item 5(f)(iv) die bedrag "R1,75" deur die bedrag "R2,00" te vervang.</p> | <p>(x) the substitution in item 5(f)(iv) for the amount "R1,75" of the amount "R2,00".</p> |

No. 6

1990

No. 6

1990

STAD WINDHOEK

CITY OF WINDHOEK

**PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE
A VAN OPENBARE OOP RUIMTE ERF 616
ACADEMIA**

**PERMANENT CLOSING OF PORTION A OF
PUBLIC OPEN SPACE ERF 616 ACADEMIA.**

Kennisgewing geskied hierhee ingevolge die bepalings van Artikel 183(a)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan AC/337 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 702, Stadshuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan AC/337 which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 702, Municipal Offices, Kaiser Street:

**GEDEELTE A VAN OPENBARE OOP
RUIMTE ERF 616 ACADEMIA**

**PORTION A OF PUBLIC OPEN SPACE ERF
616 ACADEMIA, WINDHOEK**

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 183(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Development Planning, Private Bag 13289, and the Town Clerk, PO Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice in accordance with Article 183(3) of the above Ordinance.

**WJ KOTZÉ
STADSKLERK**

**WJ KOTZÉ
TOWN CLERK**

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.

Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.

Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa